



# Hoe Boetie almal verbaas het

**Skrywer:** *Marita Rademeyer*

**Kunswerk:** *Carla Gaum*

**Tema:** *Somtyds is ons "tekortkominge" ons beste sterkpunte*

**Gepaste ouderdomsgroep:** *alle ouderdomme*



Boetie was 'n apie, die braafste en mees gewaagde apie in sy trop. Hy was lief daarvoor om te hang, klim, swaai en spring. Hy kon van 'n tak afhang met slegs twee vingers om hom vas te hou. Hy kon klim tot die punt van die hoogste piesangboom. Hy kon swaai van boom tot boom sonder om te val. Hy kon ry op 'n kameelperd terwyl hy op sy kop staan. Hy kon spring oor 'n rivier waar knorrige Oupa Krokodil bly. Hy was goed daarmee om dinge te gooi. Hy kon 'n olifant tussen die oë gooi met 'n vrugtepit van tien bome weg. Boetie was so vinnig soos blits. Hy kon 'n gogga onder 'n krimpvarkie se neus steel. Hy kon 'n haar van jakkals se stert steel of 'n veertjie van 'n uil se vlerk. Hy kon eekhorinkies se sterte vas aan mekaar knoop in die knip van 'n oog. Hy kon 'n slang se neus kielie totdat hy nies.

Soos wat jy kan sien het Boetie baie spesiale en abnormale talente. Hy kon selfs grom soos 'n leeu om die bokkies te laat weghardloop oor die veld. Dit was 'n jammerte dat die ander apies (veral sy mamma en pappa) nie sy talente waardeer het nie! Hulle het eintlik gesê dat hy geen talente het nie en dat hy geen nut vir die trop is nie! Toe sy pa hom gevra het om sy klein sussie op te pas, het hy haar geterg en haar stert getrek. Toe sy ma hom gestuur het om piesangs te gaan haal vir die familie, kom hy terug met ses piesangs in sy mond. Heel dag lank het sy ouers met hom gekla en gekerm en het op hom geskree: "Hou op om die tak te wieg! Haal daardie bessies uit jou neus! Wie het daardie skerpioen op Pa se kop gesit?"

Boetie het altyd net pret gehad en kon nie verstaan hoekom almal altyd op hom skree nie. Sy sussie wou nie met hom speel nie. Die bure het oor hom gekla. Dit het gevoel of almal teen hom was. Dit het hom hartseer en kwaad laat voel. So wat doen hy toe om hom beter te laat voel? Hy het miere in sy sussie se hare gesit en het piesangskille op die kwaai ou kobra laat val. Dit het, soos jy kan dink, selfs meer problem vir Boetie veroorsaak.

Met tyd het Boetie net meer en meer eensaam en kwaad geraak. Hy was soms so kwaad dat hy sommer diep in die woud in stap om klippe te gooi en takke te breek. Hy het selfs op die bome geskree: "Hou net op skree op my! Ek is moeg daarvoor en ek raak nou baie kwaad! Kan jy nie verstaan dat ek net 'n vriend soek om mee te speel nie?" Maar die woud het hom nie geantwoord nie.

Een aand kon Boetie nie slaap nie. Sy tone het gewikkel, sy ore het gejeuk en sy maag het snaakse geluide gemaak want hy was honger. Hy was 'n bietjie bang vir die donker maar die maan het geskyn en hy het gaan soek vir iets om te eet – 'n piesang of 'n groot sappige gogga, iets om aan te kou. Hy het geswaai van die een piesangboom na die volgende en toe die volgende, maar daar was niks piesangs oor nie, nie eers een nie. Hy spring toe na die grond en sien 'n klip wat blink onder die maanlig. Hy draai die klip om soos mamma en pappa hom geleer het, en daar lê 'n vet, sappige gogga, vas aan die slaap. Hy het sy oë toegemaak, die gogga in een sluk opgeëet en twee keer hard geburp. Toe hy sy oë oopmaak kry hy die grootste skrik van sy lewe – 'n groot luiperd



was besig om na die bome te kruip waar die ander apies slaap!

Boetie se liggaam het pap geraak van bangheid. Sy bene het gebewe, sy stert het opgekrul in 'n bondel en sy maag het baie, baie snaaks gevoel. Hy het probeer skree maar geen klank het uitgekome nie. Toe onthou hy die keer wat die hiëna amper sy stert afgebyt het en die keer toe die olifant hom amper platgetrap het. Hy het daardie gevare oorleef en hy het geweet hy kan hierdie een ook oorleef.

Boetie het geweet hy moet sy familie en die ander apies red en hy begin toe die luiperd baie stilletjies volg. Hy het nie eers op een takkie getrap nie. Die hele tyd wat hy agter die luiperd aansluit, het hy baie hard gedink. Hy was te klein om met die luiperd te baklei maar wat kon hy doen om almal te red?

Eweskielik dink Boetie aan 'n plan. Hy het geweet dat luiperde slegs bang is vir leeu en vuur en niks anders nie. Hy het geweet hoe om te brul soos 'n leeu en ook hoe om 'n vuur te maak. (Hoe het Boetie geweet hoe om vuur te maak? Wel, hy het eenkeer 'n klip sien val op 'n ander klip en dit het vonke gemaak en die vonke het 'n vuur op die droë blare gestig. Vanaf daardie dag het Boetie ge oefen hoe om vonke te maak, sodat hy die volstruise bang kan maak, sodat hulle mal kan rondhardloop. Hy het met tyd baie goed geraak daarin om vuur te maak. Hy het nooit sy mamma en pappa vertel nie, want hy het geweet hulle gaan sê: "Moenie met vuur speel nie!")

Die luiperd het stadig maar seker gekruip na die boom waar Boetie se familie slaap en hy het geweet luiperde kan bome klim. Sy familie het nie geweet dat daar 'n honger luiperd oppad na hulle toe was nie en Boetie moes vinnig iets doen om hulle te red.

Boetie het agter 'n groot boom weggekruip en twee klein klippies teen mekaar begin vryf. Niks het gebeur nie! Hy het weer probeer, hierdie keer 'n bietjie harder. Nogsteeds niks. Hy was bang om 'n geluid te maak vir ingeval die luiperd hom hoor, maar hy vryf toe die klippies baie hard teen mekaar. Daar was 'n paar vonke en sommige van hulle het op 'n paar droë takkies geland en 'n vlammetjie het begin flikker.

Boetie het die takkies met die vlamme opgetel en die

luiperd gevolg. Hy het saggies sy spesiale leeubrul geoefen. Die luiperd was slegs twee bome weg van sy familie se boom toe hy sy plan in aksie sit. Stadig, met die takkies weggesteek agter sy rug, het hy begin kruip na die luiperd. Hy het 'n diep asem gehaal en toe sy beste en hardste leeubrul gegee, na die luiperd gespring en die brandende tak uitgehou soos 'n wapen.

"Grrrrrooommm!" Die luiperd se oë skyn helder in die donker, so groot soos pierings en hy lig sy poot en slaan Boetie met een harde hou. Toe draai hy vinnig om en verdwyn in die woud, kermend van vrees. Boetie was heel deurmekaar. Hy het gestrompel in die donker en sy kop gekap teen 'n boom.

Die luiperd se kerm het die hele trop apies wakker gemaak. Hulle was verbaas toe Boetie uit die donker bosse strompel in 'n stukkie maanlig. Hulle vra toe mekaar: "Kan dit regtig Boetie wees wat ons gered het van die luiperd?". Terwyl al die ander apies met opgewondenheid gesels, het Boetie se mamma en pappa uit die boom geklim en na hulle brawe seun geloop. Sy stert was 'n bietjie gebrand en sy pels was vol blare maar andersins was hy okay. Hulle het hom vasgehou en gesê: "Ons is so trots op jou, Seun!" Toe help hulle hom terug in die familieboom en sy sussie het vir hom 'n groot drukkies gegee.

Boetie, soos jy kan dink, was toe die held van die trop. Almal was regtig trots op hom. Uiteindelik was sy talente waardeer – wel, sommige van sy talente. Niemand kon ooit gewoon raak aan die manier wat hy skerpioene lewendig kan eet nie!

